

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

**Land en Landboubank van Suid Afrika v
Meester van die Hooggeregshof Kimberley
en Andere (438/89) [1991] ZASCA 38;
[1991] 4 All SA 528 (AD) (27 March 1991)
[1991] ZASCA 38**

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Joubert, Smalberger, Eksteen, Preiss, Krieger

CASE / FILE NUMBER

438/89

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA APPÉLAFDELING

In die saak van DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA Appellanten DIE MEESTER
VAN DIE HOOGGEREGSHOF, KIMBERLEY 1ste Respondenten HENDRIK PETRUS A VENTER N O
2e Respondenten ORANJE KOOPERASIE BPK 3e Respondent

Coram: JOUBERT, SMALBERGER, EKSTEEN ARR et PREISS, KRIEGLER Wn ARR.

Datum van Verhoor: 14 Maart 1991 Datum gelewer: 27 Maart 1991

UITSpraak

/2 2

JOUBERT AR : Deurdat Schreuder, 'n boer van Upington, 'n promesse vir die bedrag van R30 690-00 plus rente teen 12% per jaar betaalbaar in 6 jaarlikse paalemente agteruit op 15 April jaarliks aan die Appellant ("die Landbank") verstrek het, het die Landbank op 6 September 1983 in terme van art 34(1) van die Landbankwet No 13 van 1944 ("die Wet") aan hom 'n voorskot van R30 690-00 plus rente teen 12% per jaar verstrek ten einde landboumasjienerie en ander landbou-implemente en -toerusting aan te koop. Aangesien Schreuder egter agterstallig geraak het met sy betalings wat hy ingevolge sy promesse aan die Landbank moes maak, het die Landbank se takkantoor te Upington op 16 April 1986 in terme van art 34(3)(b) van die Wet 'n aangetekende brief aan Schreuder gerig. In hierdie

/3 3

brief is Schreuder verwittig dat na verloop van 7 dae vanaf die datum van die skrywe daarvan die Landbank op soveel van sy roerende goed as wat nodig was om sy volle skuld van R33 399-86 te delg, beslag sou lê en die goed sou verkoop tensy hy sy volle skuld binne die vermelde 7 dae betaal. Hy is ook daarop gewys dat indien daar na die verkoop van sy roerende goed 'n balans van die skuld sou oorbly, sou die Landbank in terme van art 34(3)(c) van die Wet op enige onroerende goed van hom beslag lê en dit laat verkoop ter invordering van sy oorblywende skuld. Die Landbank het egter nie sy dreigemente uitgevoer nie. Gedurende Mei 1986 het Schreuder self 'n veiling van sy roerende goed laat hou en uit die opbrengs daarvan R8 251-64 aan die Landbank betaal. Op 26 Mei 1986 het die geregsbode 'n relaas van nulla bona uitgebring nadat die Landbank aan hom in terme van art 34(3)(b) van die Wet opdrag gegee het om op roerende

/4 4

goed van Schreuder beslag te lê. Op 3 Julie 1986 het die Landbank in terme van art 34(3)(c) op sekere onroerende goed van Schreuder beslag gelê en daarmee gehandel volgens die bepalings van gemelde artikel. Die boedel van Schreuder is op 29 Augustus 1986 voorlopig gesekwestreer. Dit is op 3 Oktober 1986 finaal gesekwestreer. Die tweede respondent ("die Trustee") is die trustee van sy insolvente boedel. Ten tyde van die sekwestrasie van sy boedel was die insolvent Schreuder 'n lid van die derde respondent ("die Oranje Koöperasie Bpk"). Op daardie tydstip was die insolvent Schreuder 'n bedrag van R27 631-23 plus rente aan laasgenoemde verskuldig. Dit is gemene saak dat daar in die boeké van die Oranje Koöperasie Bpk 'n krediet was ten gunste van die insolvent Schreuder van R5 279-92 uit hoofde van krediete t.o.v. ledebelangefonds, uitgestelde bonusbetalingsfonds en

/5 5

ledeheffingsfonds. Op 10 Maart 1987 het die Oranje Koöperasie Bpk 'n eis van R27 631-23 teen die insolvente boedel van Schreuder bewys. Dit het ook aanspraak gemaak op 'n voorkeureis van R5 329-92. Ek mag daarop wys dat dit gemene saak is dat die voorkeureis vir die bedrag van R5 279-92 is. Vir sy voorkeureis het die Oranje Koöperasie Bpk gesteun op drie sessies in securitatem debiti van die insolvent Schreuder as sedent ten gunste van hom as sessionaris. Hierdie sessies word gevind in die wysiging van arts 87, 88 en 89 van die statute van die Oranje Koöperasie Bpk wat ingevolge die bepalings van art 32 van die Koöperasiewet No 91 van 1981 gewysig is en wat op 25 November 1985 deur die Registrateur van Koöperasies geregistreer is. Die gewysigde art 87(4) bis van die statute lui soos volg:

"Bedrae wat tot krediet van elke afsonderlike

/6 6

lid in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds staan, word hierkragtens deur sodanige lede sedeer en verpand as sekuriteit vir die nakoming van alle bestaande en toekomstige skulde van sodanige lede teenoor die koöperasie."

Die gewysigde arts 88(3) bis en 89(5) bis van die statute t.o.v. die ledebelangefonds en die ledeheffingsfonds respektiewelik is mutatis mutandis gelykluidend. Op 21 Mei 1987 het die Trustee die Landbank skriftelik verwittig dat hy van voorneme was om self reëlings te tref vir die tegeldemaking van die insolvente boedel se bates. Hy gee 'n onderneming aan die Landbank om aan laasgenoemde die insolvente boedel se skuld met rente te betaal. Indien die insolvente boedel egter nie in staat is om die volle skuld met rente te betaal nie, sal die vrye oorskot (na vereffening van versekerde eise t.o.v. onroerende eiendom

/7 7

en koste) aan die Landbank betaal word. Uit die Trustee se Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in die insolvente boedel blyk dit dat Oranje Koöperasie Bpk 'n totale eis van R31 308-47 bewys het waarvan R4 739-19 'n preferente/versekerde eis was na aanleiding van die opbrengs van die insolvent Schreuder se ledebelange by Oranje Koöperasie Bpk. Op 8 Junie 1988 het die Landbank skriftelik beswaar by die Trustee teen die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening aangeteken omdat hy die R4 739-19 synde die saldo opbrengs van die insolvent Schreuder se ledebelange by die Oranje Koöperasie Bpk aan laasgenoemde toegeken het. Ingevolge die onderneming van 21 Mei 1987 maak die Landbank aanspraak op die bedrag van R4 739-19. Die Landbank dreig om beslag op die R4 739-19 in terme van art 34 van die Wet te laat lê indien die Trustee nie sy Eerste

/8 8

en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in ooreenstemming met sy beswaar wysig nie. Op dieselfde datum het die Landbank 'n soortgelyke skrywe aan die eerste respondent ("die Meester") gerig. Die Meester het op 26 Julie 1988 die Landbank skriftelik meegedeel dat laasgenoemde se beswaar teen die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening nie gehandhaaf kan word nie. Hy onderskryf die Trustee se standpunt dat Oranje Koöperasie Bpk as versekerde skuldeiser voorkeur op die ledebelange van die insolvent Schreuder wat laasgenoemde aan die Oranje Koöperasie Bpk seeder het, geniet. Die Meester sluit ook 'n afskrif van die Trustee se kommentaar in waarmee hy saamstem. Die Trustee steun o.a. op die bepalinge van die gewysigde statute van Oranje Koöperasie Bpk wat die sessies in securitatem debiti bevat.

Op 10 Augustus 1988 het die Landbank uit

/9 9

hoofde van art 34(3)(b) van die Wet deur die geregsbode op die insolvent Schreuder se vorderingsreg teen die Oranje Koöperasie Bpk t.o.v. die opbrengs van sy ledebelange beslag gelê. Vervolgens het die Landbank 'n aansoek by die Noord-Kaapse Afdeling teen die Meester as Eerste Respondent, die Trustee as Tweede Respondent en die Oranje Koöperasie Bpk as Derde Respondent ingedien. In sy gewysigde Kennisgewing van Mosie, gedateer 2 Junie 1989, het die Landbank die volgende regshulp aangevra:

"1. Dat verklaar word dat die Tweede Respondent

verplig is om die volle opbrengs van die bedrag wat tot die krediet van die insolvent, P J VAN DER R SCHREUDER, in die ledebelange-fonds, uitgestelde bonusfonds eh ledeheffingsfonds van die Derde Respondent gestaan het, aan die Applikant oor te betaal;

2. Dat verklaar word dat die Derde Respondent

/10

10

as die houer van 'n sessie in securitatem debiti ten aansien van die vordering wat die gemelde insolvent het teen die Derde Respondent vir die bedrag wat tot die krediet van die insolvent in die Derde Respondent se ledebelange-fonds, uitgestelde bonusfonds en ledeheffingsfonds staan, nie teenoor die Applikant enige voorkeur geniet op die opbrengs van die vordering aldus sedeer nie;

3. Dat verklaar word dat die Applikant ingevolgedie bepalings van artikel 34 (3) (b) van dieLandbankwet, Nr 13 van 1944, geregtig is om

op 'n vordering wat die insolvent het, ten spyte daarvan dat dit in securitatem debiti verpand en sedeer is, beslag te lê;

4. Dat die volgende beslissings van die EersteRespondent geneem op 26 Julie 1988 in dieinsolvente boedel van P J VAN DER R SCHREUDER,hersien en ter syde gestel word :

(a) Dat die Tweede Respondent se standpunt dat die Derde Respondent as versekerde krediteur voorkeur geniet op die opbrengs van die ledebelange-fonds, uitgestelde

/11

11

bonusfonds en ledeheffingsfonds aan hulle sedeer, korrek is; en (b) dat die Applikant se beswaar teen die Eerste Respondent se eerste en finale likwidasie- en distribusierekening nie gehandhaaf word nier

5. Dat die Tweede Respondent gelas word om dieopbrengs van die bedrag wat tot die insolvent se krediet in die ledebelange-fonds, uitgestelde bonusfonds en ledeheffingsfonds by die Derde Respondent gestaan het, aan die Applikant oor te betaal, alternatiewelik dat die Applikant geregtig is om dit van die Derde Respondent te vorder;

6. Dat die Tweede Respondent gelas word om diekosten van die aansoek te betaal en dat sodanigeander Respondent as wat die aansoek bestry,

gelas word om die koste gesamentlik en afsonderlik met die Tweede Respondent te betaal;

7. Alternatiewe regshulp."

Die Oranje Kooperasie Bpk het die aansoek bestry deur hom

te beroep op sy voorkeureis bo die Landbank deurdat die insolvent

/12 12

Schreuder ingevolge die vermelde gewysigde statute sy ledebelange se krediete ten gunste van die Oranje Koöperasie Bpk in securitatem debiti sedeer het. Die Meester en die Trustee het nie die aansoek geopponeer nie. Blykbaar het hulle hul by die uitspraak van die hof berus. Op 16 Junie 1989 het STEENKAMP R die Landbank se aansoek met koste van die hand gewys. Met verloop van die Hof a quo kom die Landbank in hoër beroep na hierdie Hof. Vervolgens is die kernvraag in hierdie appel of die Oranje Koöperasie Bpk as sessionaris op grond van die drie sessies in securitatem debiti 'n voorkeureis bo die Landbank op die opbrengs van die insolvent Schreuder se krediete van sy ledebelange het ten spyte van die Landbank se beslaglegging kragtens art 34(3)(b) van die Wet op die insolvent Schreuder se vorderingsreg teen die Oranje Koöperasie Bpk ten aansien van die opbrengs van sy ledebelange..

/13 13

Die Landbank is deur art 3(1) van die Wet met regspersoonlikheid bekleed. As 'n statutêre regspersoon hetsy slegs daardie bevoegdhede wat deur wetgewing uitdruklik of by noodsaaklike implikasie aan hom verleen is insluitend sodanige bevoegdhede wat redelikerwyse gepaard gaan met die doeltreffende uitoefening van sy statutêre bevoegdhede. Raadpleeg East London Municipality v Legate 1915 AD 313 op bl 322, Neale v East London Municipality 1913 E D L 297 op bl 305, Durban City Council v Glenore Supermarket and Café 1981(1) SA 470 (D) op bl 478 C. Die Landbank is onthef van die bepalings van ander wette wat op handelsbanke betrekking het (Art 3(2) van die Wet). Hy is nie 'n handelsbank wat vir sy eie gewin besigheid doen nie. Sy statutêre bevoegdhede en verpligtinge word nog deur die bepalings van die Insolvensiewet No 24 van 1936 (sien art 90 daarvan) nóg deur die bepalings van die Wet op Landboukrediet No 28 van

/14 14

1966 (sien art 54 daarvan) geraak. Die hoof funksie van

die Landbank is om by wyse van geldelike steun uit o.a. openbare

fondse deur die Parlement toegesê die landbou in die algemeen

in Suid-Afrika te bevorder. Volgens art 25 van die Wet maak die Landbank in die reël 'n voorskot aan 'n boer op eerste verband oor grond as sekuriteit. Art 34 van die Wet,

soos gewysig, maak egter voorsiening vir die verlening van 'n voorskot aan 'n boer vir die dryf van sy boerdery bloot aandie hand van 'n voltooide promesse.

Die relevante bepalings van art 34 vandie Wet lui soos volg :

"(1) Ondanks die bepalings van artikel 25 kan die raad aan 'n boer, by voltooiing van

'n promesse deur hom, 'n voorskot verstrek ten einde hom in staat te stel om die koste te bestry wat volgens die oordeel van die raad in verband staan met die produksie, bewerking, insameling, verwerking

/15

15

of bemarking van 'n oes deur hom of om skulde te delg wat deur hom aangegaan is om sodanige koste te bestry, of om lewende hawe of landboumasjinerie of ander -implemente of -toerusting aan te koop en sodanige masjinerre of toerusting te installeer. (2) Indien -

(a) te eniger tyd betaling van 'n som geld, verskuldig ten opsigte van 'n voorskot bedoel in subartikel (1), agterstallig is, hetsy dit die hoofsom of rente daarop is; of

(b) ; of (C)-----; of

(d) die skuldenaar insolvent raak of tot gevangenisstraf sonder die keuse van

'n boete gevonniss word, of vonnis vir die betaling van 'n som geld teen die skuldenaar verkry word, of van sy bates by bevel van 'n bevoegde hof eksekutabel verklaar word of ingevolge 'n bevel van so

/16

16

'n hof of kragtens artikel 37 van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No 28 van 1966), in beslag geneem word of die onderwerp word van 'n opdrag kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 37; of (e) -----; of

(f) ; of

(g) - ; of

(gA) ----- ; of

(h) - - ; of

(i) , kan die raad volgens voorskrif van subartikel

(3) handel. (3) Wanneer die een of ander omstandigheid

bedoel in subartikel (2) ontstaan, kan die raad -

(a) ;

(b) na verstryking van sewe dae nadat terugbetaling van die voorskot per aangetekende brief gevorder is, gerig na die adres van die skuldenaar wat in die vorm van aansoek om die voorskot

/17 ,

17

aangegee is, sonder geregtelike proses 'n balju of enige ander persoon deur die raad vir die doel aangewys, aansê om soveel van die roerende goed van die skuldenaar in beslag te neem en (hetsy sodanige balju of sodanigê ander persoon 'n gelisensieerde afslaer is al dan nie) by openbare veiling te verkoop as wat nodig is om die bedrag te delg wat ten opsigte van die voorskot, tesame met rente en koste ten aansien daarvan, verskuldig is, of kan die raad self die goed waarop aldus beslag gelê is, by openbare tender verkoop op die voor-waardes wat hy bepaal;. (c) indien daar na die verkoping van al die beskikbare roerende goed van die skuldenaar ingevolge paragraaf (b), nog 'n bedrag ten opsigte van die voorskot en genoemde rente en koste verskuldig is, na behoorlike kennis-gewing aan verbandhouders, en sonder

/18

18

geregtelike proses, maar behoudens die bepalings van subartikel (4), op enige onroerende goed van die skuldenaar beslag lê deur skriftelike kennisgewing daarvan per geregistreerde brief, gerig "aan die skuldenaar na die adres bedoel in paragraaf (b), en aan die betrokke registrateur van aktes, wat die beslaglegging in sy registers moet laat aanteken, en kan die raad na goeddunke, maar behoudens die bepalings van genoemde subartikel (4), genoemde onroerende goed op die voorwaardes wat hy billik ag, by openbare veiling laat verkoop deur 'n afslaer of balju, hetsy daardie balju 'n gelisensieerde afslaer is al dan nie; (d) die onroerende goed bedoel in paragraaf (c) wat verkoop is, aan die koper transporteer en aan hom 'n

regsgeldige titel daarop gee, al is dit dan verhipotekeer of

/19

19

onderhewig aan 'n retensiereg of beswaring ten gunste van iemand anders, en sonder om die titelbewys aan die registrateur van aktes oor te lê, mits gesertifiseer word dat die raad daardie titelbewys nie kon kry nie; en

(e) .

(4) .

(5) Die opbrings van 'n verkoping bedoel

in subartikel (3) (b), word, na betaling van die koste aangegaan in verband met die inbeslagneming en verkoping, aangewend ter vermindering of delging van die bedrag wat ten opsigte van die voorskot, tesame met rente en koste ten aansien daarvan, verskuldig is, en as daar 'n oorskot is, word dit aan die skuldenaar of sy regsvertegenwoordiger uitbetaal,

(6) Die opbrings van 'n verkoping bedoel in subartikel 3 (c), word, na betaling van die koste aangegaan in verband met die

/20

20

inbeslagneming en verkoping, en na betaling van die bedrag verskuldig ingevolge 'n verband of ander saaklike reg, aangewend ter vermindering of delging van die bedrag

wat ten opsigte van die voorskot, tesame

met rente en koste ten aansien daarvan,

verskuldig is, en as daar 'n oorskot is,

word dit ooreenkomstig die bepaling van

artikel 56 uitbetaal.

(7) .(8) .(9) .

(10) ."Die woord "raad" in art 34 van die wet slaan op die raad vandie Landbank wat laasgenoemde se orgaan is deur wie hy handeling verrig. In hierdie Hof het adv. Maritz namens die Landbank aangevoer dat die woorde "roerende goed van die skuldenaar" in art 34(3)(b) die Landbank magtig om op roerende goed van 'n skuldenaar beslag te lê en by openbare veiling

/21 21

te laat verkoop ongeag of die skuldenaar se eiendomsreg deur die regte van ander persone beperk is of nie. Dit is die Wetgewer se bedoeling soos vas te stel is aan die hand van die volgende oorwegings:

1. Art 34(3)(b) maak geen melding van ander persone se regte oor die roerende goed nie. Ek sal straks met die vertolking van art 34(3)(b) handel. 2. Art 34(5) maak voorsiening daarvoor dat enige balans wat beskikbaar word nadat die skuldenaar se roerende goed

te gelde gemaak is en die Landbank se voorskot betaal is aan die skuldenaar of sy regsverteenvoerder uitbetaal moet word. Daar is geen verwysing na ander reghebbendes nie. Ek mag daarop wys dat "sy regsverteenvoerder" eintlik 'n baie ongelukkige woordkeuse deur die Wetgewer

/22 22

is omdat in die konteks van art 34(2) persone soos trustee van die skuldenaar se insolvente boedel, geregtelike bestuurder of likwidateur van 'n skuldenaar-maatskappy blykbaar onder "sy regsverteenvoerder" tuisgebring moet word ofskoon nie een van hulle regtens sy ver-teenwoordiger is nie. Bowendien waar die skuldenaar se boedel gesekwestreer is, kan daar tegnies nie sprake wees van "die skuldenaar se roerende goed" nie omdat die eiendomsreg van 'n insolvent se roerende bates volgens art 20(1)(a) van die Insolvensiewet No 24 van 1936 in die trustee van sy insolvente boedel vestig.

3. In art 34(3)(c),(d) en (6) hou die Wetgewer wel rekening met die bestaan van 'n verband of ander saaklike reg oor "die onroerende goed van die skuldenaar". Dit is volgens adv. Maritz 'n sterk aanduiding dat die Wetgewer

/23

23

in art 34(3)(b) en (5) bedoel het dat daar nie rekening gehou moes word met die bestaan van ander persone se regte t.o.v. die skuldenaar se roerende goed nie. Hierdie argument hou egter nie rekening met die besondere posisie van onroerende goed volgens ons stelsel van grond-registrasie kragtens die bepalings van die Registrasie van Akteswet No 47 van 1937 nie. Afgesien van die grondregister is daar ook ander registers van verbande, huurkontrakte, servitude, prospekterkontrakte, minerale regte ens. Dat daar by die beslaglegging en tegelde-making van die "onroerende goed van die skuldenaar" rekening gehou moet word met die saaklike regte van ander persone is in ooreenstemming met erkende regspraktyk. Aan daardie regspraktyk het die Wetgewer tereg erkenning verleen in art 34(3)(c), (d) en (6).

/24

24

4. In art 34 bis, wat ingevoeg is deur art 16 van Wet No 47 van 1959 en daarna verskeie kere gewysig is totdat dit herroep is deur art 4 van Wet No 52 van 1975, het die Wetgewer in subartikel (1) daarvan uitdruklik voorsiening gemaak vir die verlening deur die Landbank van 'n voorskot aan 'n boer uit hoofde van 'n hipoteek oor roerende goed "waarvan die applikant die eienaar is en ten opsigte waarvohy die gebruiks- en beskikkingsreg besit". Hierdie spesiale metode om 'n voorskot aan 'n boer uit hoofde van 'n hipoteek oor sy roerende goed te verleen, is deur die Wetgewer herroep. Na my oordeel werp die herroepe art bis 34 se bepalings egter geen lig op die betekenis van die "roerende goed van die skuldenaar" in art 34(3)(b) nie.

Dit bring my by die vertolking van art

/25 25

34(3)(b). Die bewoording daarvan moet in die gewone, grammatikale betekenis daarvan verstaan word tensy dit uit die samehang van die Wet sou blyk dat so 'n vertolking aanleiding tot 'n absurditeit sou gee of tot 'n resultaat sou lei wat strydig met die bedoeling van die Wetgewer sou wees, in welke geval 'n hof bevoeg sou wees om van die gewone grammatikale betekenis van die bewoording af te wyk ten einde aan die duidelike bedoeling van die Wetgewer gevolg te gee. Raadpleeg R v Venter 1907 TS 910 op bl 915, Shenker v The Master and Another 1936 AD 136 op bl 142, Ebrahim v Minister of the Interior 1977(1) SA 665 (A) op bl 678 A - G. In die onderhawige geval is die bewoording van art 34(3)(b) volgens sy gewone, grammatikale betekenis ondubbelsinnig, nl. om aan die Landbank 'n bevoegdheid van parate eksekusie te verleen sodat hy sonder geregtelike proses beslag kan lê op soveel van "die roerende goed van die

/26 26

skuldenaar" en dit by openbare veiling te laat verkoop aswat nodig is om die betrokke voorskot te delg. Die Landbank kan self die "roerende goed van die skuldenaar" waarop beslag gele is by openbare veiling verkoop. "Roerende goed" is 'n regstegniese begrip wat roerende sake of bates beteken. 'n Eienaar van roerende sake se eiendomsreg kan volle eiendomsreg

(dominium plenum) of beperkte eiendomsreg (dominium minus plenum) wees. Waar die Landbank sy bevoegdheid van parate eksekusie t.o.v. "roerende goed van die skuldenaar" uitoefen, behoort dit geen probleme te skep waar die skuldenaar slegs beperkte eiendomsreg het nie. Dit kan aan die hand van 'n voorbeeld toegelig word. Veronderstel die skuldenaar het van sy oorlede vader 'n plaas met vee onderhewig aan die vruggebruik van sy langsewende moeder geërf. Kan die Landbank op die vee beslag laat lê en dit in eksekusie laat verkoop asof die skuldenaar volle eiendomsreg daaroor het met volkome

/27 27

verontagsaming van die weduwee moeder se lewenslange vruggebruik daaroor? Gemeenregtelik sou die Landbank slegs op die skuldenaar se beperkte eiendomsreg kon beslag lê en in eksekusie verkoop. M.a.w. die Landbank sou die vee onderhewig aan die lewenslange vruggebruik van die weduwee moeder in beslag laat neem en verkoop. Daar is immers 'n vermoede teen die wysiging van die bestaande reg deur 'n statuut andersins as wat duidelik aangedui word. Raadpleeg Protective Mining & Industrial Equipment Systems (Pty) Ltd v Audiolens (Cape) (Pty) Ltd 1987 (2) SA 961 (A) op bl 991 in fine - 992 A. Bowendien is dit 'n erkende beginsel by die vertolking van statute dat 'n duidelike bepaling nodig is om 'n bestaande reg weg te neem. Rose's Car Hire (Pty) Ltd v Grant 1948(2) SA 466 (A) op bl 471 in fine, Vrystaat Ko-operasie Bpk v Minister van Landbou- ekonomie en - bemaking en 'n Ander 1965(3) SA 377 (A) op bl 382. Nergens kan ek in art 34(3)(b) of elders

/28 28

in die Wet enige bepaling vind wat uitdruklik of by implikasie die Landbank die bevoegdheid sou gee om die lewenslange vruggebruik van die weduwee moeder oor die vee as niebestaande te ignoreer en te vernietig nie. Ek kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat die betoog van adv. Maritz nie opgaan nie. Dit is erkende reg dat die verpanding van vorderingsregte deur sessie in securitatem debiti geskied. Dit gebeur wanneer 'n skuldenaar sy vorderingsreg aan sy skuldeiser sedeer ter versekering van die hoofskuld wat hy aan sy skuldeiser verskuldig is. Die skuldenaar behou as sedent die dominium van sy vorderingsreg terwyl die sessionaris die bevoegdheid verkry om die gesedeerde vorderingsreg uit te oefen indien daar wanbetaling van die hoofskuld deur die sedent is. Bowendien by insolvensie van die sedent het die sessionaris 'n versekerde sekuriteit wat aan hom 'n voorkeurreg verleen. Die dominium van die

/29 29

sedent is 'n "reversionary interest" op die vorderingsreg terwyl die sessionaris 'n beperkte saaklike reg op die vorderingsreg het om dit uit te oefen of in te stel waar daar wanbetaling van die hoofskuld is. Bly daar 'n balans oor nadat die hoofskuld betaal is, kan die sedent op grond van sy "reversionary interest" daarop aanspraak maak. Raadpleeg National Bank of South Africa Ltd v Cohen's Trustee 1911 A D 235 op bl 254, Leyds N 0 v Noord-Westelike Kooperatiewe Landboumaatskappy Bpk en Andere 1985(2) SA 769 (A) op bl 780 B, Marais en Andere N N 0 v Ruskin N O 1985 (4) SA 659 (A) op bl 669 I - 670 A, Bank of Lisbon and S A Ltd v The Master & Others 1987(1) S A 276 (A) op bl 294 I, Sasfin (Pty) Ltd v Beukes 1989(1) SA 1 (A) op bl 9 H-J.

In die onderhawige geval het die "reversionary interest" van Schreuder in die Trustee van sy insolvente boedel gevestig. Daarop kon die Landbank

/30 30

wel beslag laat lê maar die Landbank kon nie beslag laat lê op die gesedeerde vorderingsregte wat die Oranje Kooperasie Bpk as 'n versekerde sekuriteit gehou het nie. Die Oranje Koöperasie Bpk kon hom in die onderhawige geval derhalwe tereg op sy voorkeureis bo die Landbank beroep. Dit volg dat die Hof a quo tereg die Landbank se aansoek met koste verwerp het. Die resultaat is dat die appèl afgewys word met koste insluitende die koste van twee advokate.

SMALBERGER AR C P JOUBERT AR.

EKSTEEN AR Stem saam.

PREISS Wn AR

KRIEGLER Wn AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1991/38.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/land-en-landboubank-van-suid-afrika-v-meester-unknown-topic-asca-1991>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria